BOEKAANKONDIGING

G. DE GROOT: UIRICH ZWINGLI. DIE VURIGE STRYDER VIR DIE REFORMASIE IN SWITZERLAND. WETENSKAPLIKE BYDRAE VAN DIE PU VIR CHO; NOMMER 26. PRYS: R

Die inleidende woorde tot hierdie 'Reformatoregallery' beklemtoon die doel van die 'brosjures' as 'n poging tot die herlewing van die 14de tot die 16de eeu en hiervoor sou veral die lewe van die Hervormers in eenvoudige taal uitgebeeld word. In die ig hiervan behoort die werk ook gelees te word om die stof aan 'n wye spektrum lesers toeganklik te maak.

Die boek van 70 bladsye bevat 12 kort dele waarvan die eerste vier die agtergrond van die tyd dek en Zwingli se lewe vanaf sy kinderjare tot sy intrede as domkerkpriester in Zürich skets. Die volgende ses dele beslaan die grootste deel en behandel die reformatoriese rol wat Zwingli in Switserland gespeel het sowel as sy verhouding met die wese en werk van figure soos Erasmus en Luther. Die laaste twee afdelings vertel van Zwingli se tragiese einde en gee 'n opsommende oorsig oor Zwingli se godsdienstige nalatenskap.

Die eerste hoofstuk is 'n historiese oorsig oor die destydse Switserland en die begin en ontwikkeling van die Switserse Konfederasie, die rol van die Klein en Groot Rade, die sedes van die geestelikheid, die wantoestande in die Kerk en selfs die vreemde stelsel van huursoldate. Op kort en bondige wyse kry die leser 'n kykie in die wese van die 16de eeu en, teen hierdie agtergrond, van Zwingli se lewe en sy stryd om die aanvaarding van godsdienstige verandering. Zwingli se diep verworteling in die Roomse Katolieke Kerk aan die een kant en sy langsame bewuswording van valse leerstellinge en wanpraktyke aan die ander kant, beklemtoon die intensiteit van die persoonlike en algemene verbreking van bande met Rome. Die leser maak verder kennis met Zwingli se uiteenlopende persoonlikheid en talente; met sy musikaliteit, sy digtersgawe maar ook met die veldprediker wat as deel van 'n groot leër oor die Alpe trek. Ons verneem ook dat hy 'n boeiende redenaar was

en 'n prediker wat die volk in hulle eie Switsers-Duitse taal toegespreek het.

In teenstelling met Luther was Zwingli se ommekeer veral te wyte aan uiterlike omstandighede wat hom tot nuwe insigte van die waarhede van die Skrif gelei het. Dit is interessant dat sy skerp kritiek teen die afdwalings in die Roomse Katolieke Kerk hom selfs blootgestel het aan die aanslae van sluipmoordenaars, pogings tot vergiftiging en intimidasie.

In die hoofstuk 'Zwingli en Erasmus' word dit duidelik dat beide Luther en Zwingli Erasmus aan hulle kant in die stryd teen die afdwalings in die Kerk wou hê, maar dat Erasmus hom nerens wou bind nie. In Zwingli se matelose bewondering vir Erasmus was dit veral laasgenoemde se Christosentriese teologie wat 'n diep indruk op hom gemaak het; en tog het 'n onoorbrugbare kloof uiteindelik tussen hulle ontstaan. Zwingli, as man van die volk, het die evangeliese boodskap aan die massas gebring en met die stormagtige tye meegelewe, terwyl Erasmus veel meer 'n elite-geleerde was wat vreedsame verandering in die kerk vanuit 'n filosofiese stelsel wou teweeg bring.

In die stryd om aanvaarding van die Reformatoriese godsdiensveranderinge in Zürich, het Zwingli 'n openbare debat oor geloofsake voorgestel. Hiervoor het hy 67 basiese stellings opgestel wat as die eerste evangeliese dogmatiek in Duits beskou kan word. Met Paasfees 1525 besluit die Groot Raad van Zürich om die bande met Rome te verbreek.

In sy werk 'Oor die ware en valse godsdiens' het Zwingli die leer van die sakrament van die Nagmaal duidelik uiteengesit, die liturgie in Duits verander en in sy afkeer teen Rome selfs so ver gegaan om koorsang en orrelmusiek in die Kerk af te skaf. Die stryd teen die Doperse van Genève en die kloof tussen Zwingli en Luther, veral oor die Nagmaal, beklemtoon steeds Zwingli se uitgangspunt dat die hele lewe in al sy fasette as godsdiens beskou moet word.

Die skrywer gee heelwat aandag aan die stryd tussen Zwingli en Luther en dui aan dat hulle dikwels ooreengestem het oor teologiese vraagstukke, soos die redding deur die geloof, en die nietigheid van die mens teenoor die grootsheid van God, maar dat daar diepgaande verskille oor die wyse van saligwording bestaan het. Op hierdie gebied was Zwingli meer subjektief as Luther en het veel meer klem gelê op die werking van die Heilige Gees. Ten spyte van die skrywer se herhaaldelike versekering van objektiwiteit, stel hy Zwingli altyd in 'n beter lig as Luther. Hierdie eensydige siening is hinderlik en laat die leser amper nie toe om 'n eie oordeel te vel nie.

Op die hoogtepunt van sy mag het Zwingli skielik en tragies tot 'n einde gekom. In die nuwe burgeroorlog wat gegaan het oor die vrye evangeliese verkondiging in Rooms-katolieke kantons, is die leërs van Zürich en Bern deur 'n groot oormag vernietig. Zwingli is swaar gewond en uiteindelik op grusame wyse deur sy vyande gedood.

Alhoewel die Reformasie as gevolg van Zwingli se dood 'n groot terugslag in Switzerland ondervind het en sy ideaal van 'n verenigde evangeliese verbond mooit verwesenlik is nie, het die vrede van 1531 tog 'n groot mate van godsdiensvryheid aan elke kanton toegesê.

Die feit dat Bullinger Zwingli in Zürich opgevolg het, het waarskynlik daartoe meegewerk dat Switzerland vandag eerder Calvinisties as Zwingliaans is, maar nogtans sal Zwingli se lewe en leer van 'n praktiese godgewyde lewe steeds as blywende voorbeeld dien.

Alhoewel die werk beslis die lewe en tyd van een van die groot Hervormers op heel interessante en samevattende wyse ontsluit, twyfel ek of die breë massa 'geestelike nasate' genoeg belangstelling sal hê om hierdie erfenis te leer ken. Vir diegene egter wat reeds bewus is van die erfenis, sal dit die Reformasie opnuut vir die 20ste eeu lewend maak. Hierin lê die groot waarde van hierdie boek.